
## 95 Ek het 'n Heiland




Ek het 'n Vader, Hy skenk uit genade
die hoop van 'n lewe, so salig, so soet;
Hy voer my weldra na my hemelse erfnis,
kom, gaan met my same die vreug tegemoet!

***R.*** *Vir u rys my sugte,*
*vir u rys my bede;*
*ek pleit by my Heiland*
*gedurig vir u.*

Ek het ‘n vrede, ‘n bron van verheuging,
‘n vree wat die wêreld my nimmer kan gee;
ontvang dan gelowig die heerlike gawe
van Jesus, die Heiland, Hy bied u die vree. ***R.***

As eens die Heiland in liefd’ u getrek het,
vertel dan aan almal hoe dierbaar Hy is;
en bid dat Hy ander verdwaaldes ook toebring;
u bede vir hulle verhoor Hy gewis.

*As Hy dan ons bede*
*vir u reeds verhoor het,*
*u bede vir ander*
*verhoor Hy gewis.*

Onbekend I.D. Sankey (1840-1908)